# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 272 · 22 JULIE 2022**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## SPLINTERNUWE KUNSKLAS

Hoërskool Framesby spog met 'n splinternuwe kunsklas vir die kunsleerders. Bewys dat Beheerliggaam/skoolfonds tot voordeel van ons leerders aanwend.





## VERJAARSDAE DIE WEEK

### SATERDAG · 23 JULIE
Pieter-Lafras Aylward
Carlon Kettledas
Emile Cox

### SONDAG · 24 JULIE
Juné Fortuin
Tian Pretorius

### MAANDAG · 25 JULIE
Carla van Jaarsveld
Hanro van Jaarsveld
George Scrimgeour

### DINSDAG · 26 JULIE
De Wet Botha
Zuné Erasmus
Nicola Ferreira
Luke Nell
Aimee Anderson
Timothy True

### WOENSDAG · 27 JULIE
Zanje Hurter
Debinay Comley
Leane Du Preez
Ashlee Steyn

### DONDERDAG · 28 JULIE
Desmari Kleyn
Jean Myburgh
Chris Kearns
Michaela Nel

### VRYDAG · 29 JULIE
Julianne Afrika
Deviné Marais
Naricka Henegan

### SATERDAG · 30 JULIE
Adriahno Booysen
Kyle Strydom

### SONDAG · 31 JULIE
Chloe Steyn
Anneqwa Witbooi

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Efesiërs 5 vers 8 aan: "Vroeër was julle die ene duisternis, maou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig". Mag dit vir ons in die Christelike geloof waar wees, veral in 'n wêreld waar Christene dikwels mense verwar.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:
A) OUERAAND
Neem kennis van die oueraand wat soos volg geskeduleer is:
Grade 8,9,10,11,12 – 25 Julie vanaf 18:00 – 20:00

Hierdie oueraand is veral gemik op leerders wat nie goed presteer het nie. Indien u in hierdie kategorie val, is u teenwoordigheid van onskatbare waarde.

B) AKADEMIESE MOTIVERINGSAAND
Die aand word tesame met PSG op 28 Julie in die skoolsaal aangebied. Dr. Eben Nel gaan ons top 20-leerders toespreek. Ligte versnaperings sal ook die aand voorgesit word. Ons vertrou dat hierdie gebeurtenis net groter sal raak en as 'n aansporing vir ander leerders sal dien.

C) SIELKUNDIGE/BERADINGS DIENSTE
Hierdie diens word nie meer deur die skool hanteer nie. Ouers, indien u van hierdie funksie wil gebruik maak, moet u dit in u eie hoedanigheid hanteer, hetsy met maatskaplike dienste of privaat. Ons sal u op hoogte hou deur middel van ons graadhoofde indien ons 'n probleem met u leerder bespeur.

Hierdeur versterk ons dan die beginsel van privaatheid met betrekking tot u leerder.
Die volgende moontlikhede vir sielkundige en psigiatriese verwysings teen geen onkoste is beskikbaar:

Revive – 041 373 8882/3
FAMSA – 041 585 9393
NMU Sielkunde kliniek (UCLIN) – 041 504 2354
Provinsiale Hospitaal Psigiatriese Kliniek – 041 373 0041

D) TOERISME GRAAD 12
Die PAT-Toerisme, wat deur die Departement van Basiese Onderwys gereguleer word, is op 27 en 28 Julie. Dit vind vanaf 09:00 tot 13:00 elke dag in die Voorlesinglokaal plaas. Die leerders word vooraf deur hul vakonderwyser opgelei om dit so goed moontlik te voltooi.

E) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

F) AKADEMIE
Ouers, daar lê 'n baie besige kwartaal 3 vir ons leerders voor. Ek wil vra dat u elke dag sal toesien dat leerders hul akademie op datum hou. Daar is slegs ses weke voor die Graad 12 leerders met hul rekordeksamen begin. Veral ons graad 12-ouers moet toesien dat hulle besig is met hul akademie.

G) FOTO'S
'n Nuwe dinamiese proses vir fotobestellings is as volg:

o Foto's van individuele leerders asook klas-/span-/groepfoto's van sport- en kultuur word deur 'n private fotograaf geneem.
o Die individuele foto's is alreeds geneem en die bestellings sluit 1 Augustus.
o Hierdie foto's is beskikbaar op die volgende webtuiste adres en kan daar bestel word.: www.page-photography.co.za
o Die wagwoord wat die Framesby-familie moet gebruik is: Framesby99

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

o Die fotobestellings sluit 1 Augustus 2022.
o Sodra jy jou bestelling plaas, sal jy ‘n e-pos ontvang met die bestel en betaalopsies.
o Alle betalings sal via EFT of direkte deposito gedoen word soos die inligting op die webtuiste aandui.
o Foto’s sal teen einde September by Die Hanger beskikbaar wees.
o Ons sal u gereeld op hoogte hou soos foto’s beskikbaar word.
o Alle navrae rondom die foto’s kan per e-mail gerig word aan Charnelle De Lange Kruger by die volgende e-pos adres: charnelle@diehanger.co.za

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Frames-by is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT

Leolin Petersen Graad 10 en Simonique Grobler Graad 9 is verkies om Suid-Afrika in Bulgarye by die Wêreldkampioenskappe kompetisie vir Tuimel en Trampolien later die jaar te verteenwoordig.

Ons is baie trots op hierdie gesogte prestasie en wens hulle alle voorspoed toe.



# SA DUATHLON KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtige uitslae behaal het by die SA Duathlon Kampioenskappe. Jeanre Oelofse spog met 'n 8ste plek en Tiaan Peens met 'n 12 de plek.





# NETBAL I OOS-KAAP KAMPIOENSKAPPE

**OOS-KAAP KAMPIOENSKAPPE**

Baie geluk aan die volgende dogters wat die Oos-Kaap verteenwoordig het by hul onderskeie kampioenskappe:

**Esri le Grange - 0.14 Oos-Kaapspan, asook Kaptein van span.**
**Brooklyn Elgar, Christelle Stander en Saskia Kleinhans - 0.15 Oos-Kaapspan.**
**Annica Botha - 0.16 Oos-Kaapspan.**
**Jana Terblanche - 0.17 Oos-Kaapspan.**



ESRI LE GRANGE



BROOKLYN ELGAR
CHRISTELLE STANDER
SASKIA KLEINHANS



ANNICA BOTHA



JANA TERBLANCHE

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NETBAL UITSLAE:

**COLLEGIATE NETBALFEES**

Die 0.19 A-netbalspan neem aan die 1ste Collegiate netbalfees vanaf 15-17 Julie gedurende die vakansie. deel

Vrydag:
Framesby wen Kingswood 32-10
Framesby wen Collegiate 27-12

Saterdag:
Framesby wen Clarendon 39-11
Framesby wen Nico Malan 22-13
Framesby wen Brandwag 21-20

Sondag:
Framesby wen Pearson 22-18
In die finaal speel Framesby weer teen Pearson en verloor ongelukkig 13-17. Framesby is die enigste span wat slegs 1 wedstryd gedurende die kompetisie verloor en verower 'n silwer medalje. Baie geluk dogters.

# SKAAK



Ruan Grigor het 43st geëindig in die senior NMB Rapid en Blitz skaaktoernooi op 2 Julie. Hy het 12 wedstryde gespeel waarvan hy 5,5 gewen het. Hy het met 'n toernooi-gradering van 1013 geëindig. Knap gedaan, Ruan!!

# GELUK RICARDO



Baie geluk Ricardo Karelse wat as die nuwe Faktotum aangestel is. Ricardo gaan vir 'n 3 maande proeftydperk werk.

# FIETSRY

6 van ons fietsryers het verlede week aan die National Youth Festival in Oudtshoorn deelgeneem.

Shaun Westraadt, Ethan Jonker, Jeanre Oelofse, Marie-Louise Strydom, Tian Diederiks, Wion Venter. Almal het punte ingesamel vir die Oostelike Provinsie.

Daar was padfiets en bergfiets.
Wion Venter (0.15) 5de plek algeheel
Jeanre Oelofse (0.19) top
Team Time Trail- Ethan Jonker (0.19) en sy span 1ste plek
Wion Venter (0.15) 6de plek algeheel

# LEILA REIS NA LONDEN

Leila Nel het die afgelope vakansie na Londen gereis vir tennis waar sy Suid-Afrika verteenwoordig het. Sy het baie goed gevaar en haar wedstryde gewen. Baie geluk, Leila. Ons is baie trots.


Hier is 'n stukkie wat Leila geskryf het oor haar ervaring.

My reis na Londen was definitief die moeite werd. Ek het soveel nuwe dinge gesien en ervaar. Die meeste van die toer het soos 'n droom gevoel veral toe ons by Wimbledon was waar ek 'n klomp van my gunsteling tennisspelers kon sien speel soos Rafael Nadal, Serena Wiliams, Iga Swaitek en Novak Djokovic. Ons het teen 'n Tennis-Akademie gespeel waar ek my enkel- en dubbelwedstryde gewen het. Ek het 'n paar keer grond gekoop op die klei-bane.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SKOOL FOTO'S:



o Foto's van individuele leerders asook klas-/span-/groepfoto's van sport- en kultuur word deur 'n private fotograaf geneem.
o Die individuele foto's is alreeds geneem en die bestellings sluit 1 Augustus.
o Hierdie foto's is beskikbaar op die volgende webtuiste adres en kan daar bestel word: www.pagephotography.co.za
o Die wagwoord wat die Framesby-familie moet gebruik is: Framesby99
o Die fotobestellings sluit 1 Augustus 2022.
o Sodra jy jou bestelling plaas, sal jy 'n e-pos ontvang met die bestel en betaalopsies.
o Alle betalings sal via EFT of direkte deposito gedoen word soos die inligting op die webtuiste aandui.
o Foto's sal teen einde September by Die Hanger beskikbaar wees.
o Ons sal u gereeld op hoogte hou soos foto's beskikbaar word.
o Alle navrae rondom die foto's kan per e-mail gerig word aan Charnelle De Lange Kruger by die volgende e-pos adres: charnelle@diehanger.co.za

# FRAMESBY SKITTER BY ATKV REDENAARS:

Hoërskool Framesby se redenaars het onlangs aan die halfeindrondte van die ATKV-Redenaarskompetisie deelgeneem en hulle uitstekend van hul taak gekwyt!

Milla Otto, Milla van der Merwe, Alouise Vosloo en Mé-Jean du Preez het die skool by hierdie gesogte kompetisie, wat by Hoërskool Grey aangebied is, verteenwoordig. En daar is weereens bewys dat dié Framesbiane nie op hul monde geval is nie.

Die leerders het uitstekend gevaar en die volgende leerders het almal top-10 plekke behaal:
Graad 8-9 Huistaal (Voorbereid):
8ste: Alouise Vosloo
10de: Mé-Jean du Preez

Graad 10-12 Huistaal (Onvoorbereid):
3de: Milla Otto

Ons is baie trots op ons leerders, en sal hulle beslis in die toekoms dophou.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NETBAL WEN FAST5 TOERNOOI

Fast5 Toernooi aangebied deur Laerskool Sunridge

In Sunridge se eerste Fast5 toernooi kompeteer 8 skole van Nelson Mandela Baai teenmekaar. Baie geluk aan die 0/19 A netbalspan wat die eerste Fast5 toernooi by Laerskool Sunridge gewen het.

Die toernooi werk op uitklop basis en Framesby trek die loting om teen Hoërskool Otto du Plessis eerste te speel.

Framesby wen Otto du Plessis 21-1
Framesby wen Collegiate 12-2
Framesby wen Pearson (in ekstra tyd) 12-10

Edon Snyman word aangewys as Speelster van die toernooi.

Uitslae van toernooi:
3de posisie - Despatch
2de posisie - Pearson
1ste posisie - Framesby






# BUITESPORT

Baie geluk aan Hennie Botes wat in die MMA SA Youth Team opgeneem is. Hennie sal in Augustus Suid-Afrika by die MMA Youth World Championship in Abu Dhabi verteenwoordig.
Ons wens Hennie alle sterkte toe!




SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7


FRUK BIED AAN
COSTA DEL PACKET!
GESKYF DEUR ANOTHY BOOTH
REGIE DEUR CHRISMARIE VOSLOO POTGIETER
HOËRSKOOL FRAMESBY SAAL
29 JULIE 2022 @ 18:00
KAARTJIES R60.00
KAARTJIES BESKIBAAR BY ALGEMENE KANTOOR, JUF. VOSLOO POTGIETER EN SPELERS
THIS AMATEUR PRODUCTION OF 'COSTA DEL PACKET!' IS PRESENTED BY ARRANGEMENT WITH CONCORD THEATRICALS LTD. ON BEHALF OF
SAMUEL FRENCH LTD. WWW.CONCORDTHEATRICALS.CO.UK


MASJIEN STOP
Aangebied deur Hoërskool Framesby
29 JULIE | 18:00
OPENINGSAAND: HS FRAMESBY SKOOLSAAL
R60 PER KAARTJIE
KAARTJIES BESKIKBAAR BY ALGEMENE KANTOOR
11 AUGUSTUS | 20:00
ATKV TIENERTONEEL OPTREDE:THE LITTLE THEATRE
R30 PER KAARTJIE
KAARTJIES BESKIKBAAR BY WEBTICKETS
Post Card

# Hoërskool Framesby




## Junie verslag 2022

# Wolkskool maandverslag

die skakels

Onderwyser hulp video's

Wolkskool nuus

As gevolg van 'n onderwyser

Ouer inligting aand

Klaskamer vir onderwysers

Bemarking en hulp vir onderwysers, ouers en leerders

Vrae lyste

# Wolkskool kommunikasie

Die Wolkskool verseker dat elke leerder en onderwyser ingelig is oor die waarde wat hulle verkry met Die Wolkskool en om sodoende optimale gebruik en korrekte aanwending van die platform te bewerkstellig. Daarom is dit vir ons belangrik om op 'n gereelde basis met u te kommunikeer rakende verskeie aspekte en aangeleenthede om ons diens aan die skool te verbeter. Die Wolkskool-span is toegewyd om gehalte diens aan u te lewer en buiten die uitbreiding van die platform word oueropleiding ook beplan. Ons sien uit om 2022 saam met julle te groei.

# Hoërskool Framesby

## AKTIEWE LEERDER PROFIELE

# 759

## LEERDER INTERAKSIES

# 17 310

VERDERE FEITE:

- Gemiddelde interaksie per leerder: **22,8**

# Ramble Rugsak

**R 650 BESKIKBAAR IN DIE HANGER.**

KWALITEIT

DUURSAAM



GEWAARBORGDE PRODUK

PLEK VIR NAAMPLAATJIE

SKOOLWAPEN GEBORDUUR

**SYKOUSE WEER IN VOORRAAD**
**Silky Shine Blackmail teen R45**
**Lycra Opaques Navy teen R50**

DIE HANGER

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

# Ondersteun

# Hoërskool Framesby

# deur Samba



Sluit vandag aan by Samba en deel in die voordele.

**Sms nou "FRAMESBY" na 30907**

Samba sal u kontak vir lidmaatskap.

soveel meer vir my | so much more for me

Samba

Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

www.sambakoop.com

Samba Koöperatief Beperk is 'n gemagtigde FDV (Nr. 18212) en 'n geregistreerde KDV (NCRCP 1270). Termes en voorwaardes geld

# Wat is die VOORDELE om by SAMBA aan te sluit as lid?

- ‘n Kontant-terug-bonus op aankope word jaarliks gedurende November aan lede uit betaal
- Sambalede kry tot 50 dae rentevrye krediet vir aankope
- Geen maandelikse fooie of transaksiekoste nie
- Tot 10% kontant-terug-bonus op aankope (brandstof uitgesluit)
- Samba fasiliteer korttermynversekeringpremies deur Santam, Hollard en Bryte
- Die maandelikse premie kwalifiseer vir 'n maandelikse bonus
- Mediese gapingdekking deur Optivest en Stratum
- Bekostigbare gesins begrafnisbystandfonds
- Na 6 maande lidmaatskap kan lede aansoek doen vir motorfinansiering en ander batefinansiering teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 12%* per jaar
- Persoonlike lenings teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 9.5%* per jaar kan voor aansoek gedoen word na een jaar van lidmaatskap
- 'n Bedrag van Samba se diverse wins in vergelyking met hul jaarlikse aankope word ook aan lede toegeken
- Dit alles en nog meer is beskikbaar teen 'n minimale kaartfooi van R294* per kaart per jaar

## Hoe werk die rentevrye krediet vir aankope?

Die Sambarekening sluit alle aankope in vanaf die 16de van 'n maand tot en met die 15de van die volgende maand. Lede sal hul Sambarekening ontvang voor die laaste week van elke maand.

Die uitstaande bedrag moet betaal word voor of op die 5de van die daaropvolgende maand om te kwalifiseer vir u bonus. Bv. Die Samba aankope maand loop vanaf 16 Januarie – 15 Februarie met die volle bedrag betaalbaar teen 5 Maart.

## Hoe doen ek aansoek vir lidmaatskap?

*Voltooi ‘n aansoekvorm en stuur die voltooide aansoekvorm terug na Samba tesame met u nuutste maand se bankstaat en salarisstrokie OF slegs u nuutste maand se salarisstrokie, afskrif van u ID en ‘n bewys van adres na aansoek@sambakoop.com.*

*Aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.sambakoop.com of stuur vir ons 'n e-pos na aansoek@sambakoop.com. of skakel u naaste Samba-kantoor by Bloemfontein: 051 448 0111, Kimberley: 053 831 1976/7 en Port Elizabeth: 041 363 2727.*

**Koste en rente kan van tyd tot tyd verander soos deur die kredietgewer bepaal. Aansoeke is onderhewig aan goedkeuring. Persoonlike lenings is beperk tot 'n maksimum toegelate bedrag. Samba (Koöperatief) Beperk is 'n gemagtigde Finansiële diensteverskaffer (lisensienr. 18212) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP1270). Terme en voorwaardes geld.*

HOËRSKOOL FRAMESBY BIED AAN

# MNR EN MEJ FRAMESBY

## 2022

## 4 AUGUSTUS 2022

18:30 VIR 19:00


R70 BESPREEK | R50 ONBESPREEK

FRAMESBY SKOOLSAAL

TYDENS POUSE SAL DIE KOSBLIK VIR VERSNAPERINGE OOP WEES.

**KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE ALGEMENE KANTOOR**

## ONS GESELS MET: RIETTE GERBER





*Riette Gerber*

Ek het in 2006 aan Hoërskool Framesby gematrikuleer.

Die een ding wat ek nooit sal vergeet nie, was die feit dat Framesby skool vir my lekker gemaak het. Ek kan nie onthou dat daar eendag was, dat ek nie skool toe wou gaan nie - behalwe as ek dalk 'n Skeinat toets moes gaan skryf het.

Daar is soveel dinge wat ek altyd sal onthou en nooit sal vergeet nie. Kleure atletiek-dae was gewoonlik een van die hoogtepunte van enige jaar, die kompetisie tussen die Kritte en Visse sal seker vir altyd daar wees. Ek sal nooit vergeet hoe elke kleur-span hulle harte uitgesing het vir daardie sangbeker nie, hoe elke matriekgroep alles in hulle vermoë gedoen het om die aankomsbeker te wen, wat nog te sê van almal wat nie eers hekkies gehardloop het nie, maar op daardie dag doen hulle dit sommer met 'n glimlag op hulle gesigte.

Die snoepie was die beste. Ons gesels gereeld nog oor hoe lekker die slap "chips" was en jy het elke dag seker gemaak jy het R5 in jou baadjie se sak sodat jy seker is jy loop dit nie mis nie.

Biologie-klasse in mnr. Van Niekerk se klas was die beste. Dit was verseker een van die lekkerste

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

periodes. Kringe in 'n bos saam met Juffrou Bence het jou laat voel jy loop saam met Saul Barnard in die Bos, haar liefde vir die boek het sy aan elke leerling oorgedra.



Jeugsaal was iets waarna almal uitgesien het, veral as daar iemand kom optree het of as daar op Valentysndag iemand opgeveil was :-) Ek sal nooit vergeet hoe jy ook op Valentynsdag 'n foto kon bestel van die persoon op wie jy 'n oog gehad het nie : dan hoop jy net daardie persoon vind nooit uit nie.

VCSV-kampe, Toneel (fruk) toere - ek dink almal wat in my tyd daar was, sal nooit die Montagu - toer vergeet nie, en ATKV- tienertoneel in die opera huis.




Niks sal ooit die sportdae se herinneringe kan wegneem nie. Dit was altyd so lekker om te sien hoe die verskillende spanne mekaar ondersteun het. Die sporttoere, dit was alles ongelooflike geleenthede wat die skool vir die leerlinge gebied het. Vandag besef 'n mens eers die waarde daarvan.
Ek sal nooit die "beep"-toetse vergeet wat juffrou Lalla Schelbert ons telke-male op die netbalbaan laat doen het nie en hoe ons dae daarna skaars kon loop. Die lekkerste lekker was toe ons die eerste interskole teen Brandwag gewen het. Ek kan selfs nog die telling onthou:17-11.

Dit was vir my 'n groot voorreg om vir 2 jaar in die eerste netbalspan te kon speel onder die leiding van juffrou Lalla Schelbert. Sy was 'n ongelooflike afrigter en het die beste uit elke speler gehaal. Ek was ook in matriek die onder-kaptein van die span en het in 2006 provinsiale kleure vir netbal verwerf.



Dit was ook 'n groot eer om vir 2 jaar op die skool se Monitorbestuur te kon dien. Ek het ook die beker vir beste netbalspeler van die jaar saam met Dominique van Wyk ontvang. In 2005 het ek ook die beker ontvang vir die beste toneelspeler. In matriek neem jy mos aan alles deel, want dit is jou laaste jaar. So dit was vir my 'n groot skok toe ek in 2006 as Mej Framesby gekroon is.



Ek sal nooit vergeet hoe 'n groot groep van ons aan die einde van ons matriekjaar by William-Moffet se Engen garage gewag het vir ons matriek-uitslae nie . Dit was vir my lekker om deel van die top 20-akademie te wees en ook met 'n A - gemiddeld te kon matrikuleer .

Ek het na skool Bloemfontein toe gegaan, waar ek vir 6 jaar lank verder gaan studeer het om predikant te word. Ek is tans nog betrokke by gemeentes, maar ek is nie vas by 'n gemeente nie. Ek preek graag by gemeentes en hou daarvan om jong meisies te motiveer. Huidig bestuur ek 'n dekorbesigheid waar ek dekor en blomme vir troues en funksies doen.

Ek is in 2014 met Eben Gerber getroud en ons het 2 pragtige seuns: 'n 3-jarige en 18 maande oue baba. Ons is ongelooflike lief daarvoor om tyd saam met ons familie en vriende te spandeer en as ons die kans kry, geniet ons dit om te kamp. Familie-tyd is kosbaar en daarom neem ons elke geleentheid wat ons kry om iets lekkers te doen.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE NUUS

Jeanine Roux - Matriek 2010
Jeanine is as een van die Mail & Guardian se Top 200 Young South Africans vir 2022 verkies. Baie geluk met die prestasie!

**Jeanine Roux, 30**
*Company director and tutor*
Khula Learning Centre

@khulalearningcentre
@khulakids_and_coffeecups
https://khulalearningcentre.com

Many children battle to reach their full potential in schools that are often overcrowded and under-resourced. Kids with learning difficulties face additional challenges, which many schools lack the capacity to address. Khula Learning Centre in Cape Agulhas, however, is flourishing.

Khula was opened in 2019 by Jeanine Roux, its co-founder, director and one of the tutors. It provides academic tutoring and social and emotional support for home-schooled children with individual needs, including learners with dyslexia, ADHD and autism. "Nothing in the world is more rewarding than seeing those tiny humans grow and excel, and being the example they look up to and follow," Roux says.

She also runs Jeanine Roux Consulting, helping families with parenting strategies, developing behaviour plans and creating individual education plans for children.

She hopes to make Khula a champion of inclusive education by providing a replicable model that is affordable and accessible.

"Teaching is not my job — it's my life — and I would never have found the same fulfilment in any other career."



# OUDSKOLIERE SAMEKOMS:

Ons beplan 'n samekoms vir oudskoliere in Pretoria op 11 September 2022. Meer inligting volg binnekort.



Kom kuier saam!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# WIN!

## YOUR SHARE OF R 2000

SIMPLY ENJOY A MEAL
WITH US IN STORE OR
FOR COLLECTION
& YOU WILL BE
ENTERED INTO THE
MONTHLY LUCKY DRAW!


de'Swan

041 492 3700
SUNRIDGE VILLAGE, KRAGGA KAMMA ROAD, SUNRIDGE PARK

www.deswan.co.za


de'Swan
SINCE 2021
SUNRIDGE VILLAGE